# REISVERSLAG

**BESOEK AAN ITHALA, NDUMO EN TEMBE WILD RESERVATE**
**(Augustus 2012)**









**PERIODE :** 02 Augustus tot 13 Augustus 2013

**PLEKKE BESOEK :**
Wakkerstroom, Majuba, Bloedrevier, Ithala Natuur Reservaat, Ndumo en Tembe Natuur Reservate.

**TOTALE AFSTAND AFGELê:** 1896 km

**OPGESTEL DEUR :** J.E. Aspinall
(12-11-2013)

*Kopiereg op die inhoud en fotos word voorbehou.*

## 1. INLEIDING

### 1.1 Wie het gery :

Op hierdie reis het ek en Hermien op ons eie gery, met uitsondering van die drie dae wat ons saam met die Land Cruiser Klub van Suider Afrika (LCCSA) by Tembe Wild Reservaat gekuier het.

### 1.2 Waarmee het ons gery :

Hermien se 2004 Toyota Land Cruiser 4.2 liter enkelkajuit 4x4 met sy kampeer ombouing.

### 1.3 Oogmerk met hierdie reis :

Om Wakkerstroom met sy vleigebied vir toekomstige voël fotografie te verken, ons geskiedenis 'n bietjie op te knap deur by die slagvelde van Majuba en Bloedrivier 'n draai te maak. Verder wou ons graag drie van die minder bekende wildtuine in Zoeloeland besoek naamlik Itala, Ndumo en Tembe. Laas genoemde het ons saam met die LCCSA besoek, en met spesiale vergunning kon ons saam met van die ere veldwaters daar kampeer en dele van die park besoek wat gewoonlik nie vir dagbesoekers ontoeganklik is.

### 1.4 Die LCCSA groep het uit die volgende persone bestaan :

<u>Vanuit KZN</u>:
Shaun en Lynn Cullen (Durban) - ook die organiseerders van die naweek.
Peter en Lee Ann Gow (Durban)
Helen Gow (Durban) – Peter se ma.
John en Debbie Buchanan (Durban)
Gerd en Lesley Rahmer (Durban)

<u>Vanuit Gauteng</u> :
Allen Webber en sy dogter Tanlan (Pretoria)
Hermien en myself (Pretoria)


Vanuit die Vrystaat:
Jan en Marie Slabber (Bethlehem)

<u>Vanuit die Oos Kaap</u>:
Charl en Lesley-Ann Schoeman (Oos-London)

<u>Vanuit die Wes-Kaap</u>:
Jonathan Tee (Kaapstad)
Judy Goodwin (Kaapstad)
Sophia Goodwin Tee (Kaapstad)

<u>Ons Gashere die Ere Wildbewaarders van Tembe</u>:
Richard and Heather Heathcote (Durban)
Craig en sy seun Mitchel - wat 'n oulike jongman!

**1.5 Die roete wat ons gevolg het :**



**1.6 Kort Opsomming :**

**1.6.1 Hoogtepunte :**

(a.) Die baie voëls in Ndumo Natuur Reservaat, selfs buite seisoen.
(b.) Die voorreg om in Tembe Olifant Park te kon ry waar ons wou .
(c.) Die gesellige saam kuier met die LCCSA groep.
(d.) Die vriendelikheid waarmee die Ere Wildbewaarders ons ontvang het en al die voorbereiding wat hul gedoen het.

**1.6.2 Laagtepunte :**

(a.) Die baie min diere wat ons in Ithala Natuur Reservaat gesien het.
(b.) Die feit dat toegang na die mooiste dele in Ndumo nie toeganklik is vir besoekers met hul eie voertuie nie. Jy kan hierdie dele slegs op'n wildrit @ R220/person per besoek, besigtig.
(c.) Dat 'n ouerige Magnum roomys R24 stuk in die park kos.

**1.6.3 Lesse geleer :**

(a.) Neem altyd jou sagte afdak se sykant saam jy weet nooit wanneer jy dit mag nodig kry nie. Indien jy nie een het nie skaf maar een aan of soos in ons geval laat een maak wat doelgerug vir jou voertuig pas.

**Dag 1, Vrydag, 02 Augustus 2013**
**Pretoria tot Wakkerstroom** via Witbank, Bethal, Morgenzon, Amersfoort, Volksrust
(Afstand: 344km).

Ons het so ongeveer 7h00 uit Pretoria weg gekom en rustig gery Wakkerstroom toe. Behalwe vir die hartseer dele waar oopgroefmynbou die natuur verkrag sodat ons steenkool het vir ons kragstasies was dit 'n pragtige pad. 'n Bietjie padwerke hier en daar maar niks om oor ontsteld te word nie. Ons het per geleentheid die pad met die plaaslike boere gedeel toe een besluit het om met sy stroper van een plaas na die ander te ry op die nasionale pad.




By 'n ander geleentheid het ons so 10 minute moes wag vir 'n boer wat sy trop beeste oor die padbrug na nuwe weiding aangejaag het. Die lewe hier is definitief baie rustiger as in die stad.


Teen middagete ry ons Wakkerstroom binne en verken die dorpie. Besluit om by die Wakkerstroom Country Inn middagete (http://www.wakkerstroom.co.za/wakkerstroom-country-inn/) te geniet voordat ons al die voëlskerms om die dorp in die vleiland gebied besoek.

In die hoofstraat staan 'n baie mooi voorbeeld van 'n 19D stoomlokomotief met sy kenmerkende sigaar vormige gekombineerde kole en waterkar.







Vir meer inligting oor aktiwiteite en verblyf in Wakkerstroom : http://www.wakkerstroom.co.za/





Die kameras op die T4A kaart van die Wakkerstroom vleiland area toon die vier voëlskerms in die gebied aan. Vir meer inligting gaan na http://www.wakkerstroom.co.za/bird-club/ of http://birdlife.org.za/travel/wakkerstroom-centre











Ek sal graag weer na hierdie voëlskerms in die somer  wil terug keer as al die trekvoëls weer terug is. Al die fotos op die vorige bladsy en nog meer , was binne 'n halfuur geneem.

Ons kampeer die aand by die De Oude Stasie kampterrein net buite die dorp.  Na 'n baie koue nag ontwaak ons in 'n sprokies wêreld.  Alles om ons is spierwit geryp en die mis hang laag oor die vlei.

Vir ons Wonderboomers wat nooit ryp deur die jaar sien nie was dit 'n pragtige gesig.











**Dag 2, Saterdag, 03 Augustus 2013**
**Wakkerstroom tot Ithala Natuur Reservaat** via Majuba slagveld, Volksrust, Bloedrivier monument, Utrecht, Vryheid en Louwsburg
(Afstand: 355km).

Na ontbyt en die mis opgeklaar het, vertrek ons na die berg Majuba waar op 27 Februrie1881 tydens die Eerste Vryheids oorlog die Boere magte onder leiding van Generaal Nicolaas Smit die Engelse magte onder leiding van Generaal-majoor George Colley verslaan het deur in die vroeë oggendure die berg te begin bestyg en die engelse sodoende verras het. Na 'n geveg van ses uur het die Boere magte die berg beset. Tydens hierdie geveg, het 92 Britse soldate (onder andere ook Generaal Colley) gesterf en is 134 gewond en 59 gevange geneem. Aan die Boere se kant het 2 soldate gesterf en is 6 gewond. Hierdie was een van vier veldslae wat die Britse magte verloor het en wat daartoe gelei het dat die eerste Vryheidsoorlog beeindig is met die Pretoria Konvensie waarin Transvaal of eerder die jong Zuid-Afrikaansche Republiek se soewereiniteit en sy onafhanklikheid bevestig was.



FOTO : Renier Maritz






Ongelukkig het ons nie genoeg tyd gehad om tot bo te klim en die monument op die berg self te besoek nie.

Ons volgende stop was Bloedrivier monument . Toegang was R25 per volwassene. Vir beide Hermien en myself was dit ons eerste besoek. Vir meer inligting oor die slag van Bloedrivier volg die volgende internetskakels :

http://www.bloedrivier.org/web/index.php/af/geskiedenis/slag-van-bloedrivier
http://www.bloedrivier.org.za/wp-content/uploads/2013/10/The-Battle-of-Blood-River.pdf

Voor die ontvangs en binnenshuise uitstalling lokaal staan tans die pragtige graniet kakebeenwa monument, ontwerp deur Coert Steynberg, wat oorspronklik op die plek van die 1838 laer gestaan het, maar in 1971 geskuif is toe die huidige brons laer opgerig is.




Die laer van 64 lewensgrote yster kakebeenwaens met brons beslag en sy drie kanonne het nogal 'n groot indruk op ons gemaak en staan op die werklike plek waar die slag plaas gevind het. Groot was ons verrassing toe ons besef dat daar slegs mans in die laer teenwoordig was tydens die slag van bloedrivier. Ons het al die jare gedink dat die vroue, kinders en agterryers die gewere gelaai het tydens die gevegte.









Ons het middagete by die monument geniet en toe na die Zoeloe kryger museum of Ncome Museum Kompleks soos dit bekend staan net aan die anderkant van die rivier gery. Toegang was gratis. Die kompleks bestaan uit ‘n museum, konferensie fasiliteit, biblioteek, restaurant, ‘n curio winkel en ses tradisionele Zoeloe hutte wat as gaste verblyf opgerig is, met die belastingbetalers se geld natuurlik. Al hierdie fasiliteite met uitsondering van die curio winkel het in onbruik gestaan by tye van ons besoek omdat daar nog vir fondse vanaf die regering gewag word. By ons aankoms is ons begroet deur ‘n vriendelike gids wat ons oor die veldslag en Piet Retief en sy manne se moord ingelig het. Die politiek en verskille tussen die twee kante se weergawes van die geveg en moorde is duidelik te bespeur.



Die Ncome Museum Kompleks



Die konferensie fasiliteit by die Ncome Museum Kompleks



Die pragtige kolonade by die ingang van die konferensie fasiliteit



Gaste verblyf by die Ncome Museum Kompleks

Ons volgende bestemming was Ithala Natuur Resevaat.




Ntshhondwe Kamp met Lodge, Restaurant en chalets















Ruwe basiese kampterrein met geen omheinings nie en 'n klein en vlak stroompie wat langs die kamp verby loop waarin jy kan afkoel.

**Dag 3, Sondag, 04 Augustus 2013 en Maandag oggend, 05 Augustus 2013**
**Ithala Natuur Reservaat** (Afstand: in park : 92km).










**‘n Vaalribbok ram en ooi**






**Darem een keer 'n paar olifante net-net gesien.**

**'n Lekker piekniekplek by die Pongola rivier.**







**‘n Swart renoster koei met kalfie. ‘n Pragtige gesig maar hoe lank nog?**





**Uitsig vanaf bogenoemde platform oor die  Pongola rivier**






**Erosie in Ithala Wild Reservaat.**

**Dag 4, Maandag, 05 Augustus 2013**
**Ithala Natuur Reservaat na Nduma Natuur Reservaat** via Pongola, Jozini , Ndomu.
(Afstand : 232 km).




**Jozini, soos 'n tipiese Afrika dorp, baie besig met stalletjies aan weerskante van die hoofstraat.**




**Die luukse Jozini Tiger Lodge net aan die anderkant van die koppie op die Pongolapoortdam en naby die damwal.**

**Ndumo Natuur Reservaat** is bekend vir sy wonderlike verskeidenheid van voëls vanweë sy natuurlike panne en vleilande. Die plante groei verskil drasties van plek tot plek soos in die fotos gesien kan word. Gou het ons ook besef dat Njalas hier volop voorkom. Daar is ook 'n pragtige voëlskerm wat oor een van die panne uit kyk. (Oppervlak van park : 10200 ha)












**Dag 5 en 6 : Dinsdag, 06 Augustus 2013 en Woensdag, 07 Augustus 2013**
**Nduma Natuur Reservaat -** Natuurlik baie bekend vir sy voël lewe.
(Afstand in Park : 92km).











Pelikane en “plat honde” (krokodille)

‘n Water likewaan.







**En niemand wil my tande borsel nie, dit is hoekom hul lyk soos hulle lyk.**















































**Dag 7 : Donderdag oggend, 08 Augustus 2013**
**Nduma Natuur Reservaat na Thembe Olifant Reservaat** via Ndomu and P522.
(Afstand: 69km).

Dit is met groot afwaging dat ons Tembe Olifant Reservaat binne ry saam met ander lede van die "Land Cruiser Club of Southern Africa" LCCSA as gaste van die Tembe se Ere Veldwagters. Ons wou al vir solank die park besoek maar het daarteen opgesien om in 'n "Lodge" tuis te gaan. Verder wou ons ook sien wat in die noorde van die park gebeur en hoe dit daar lyk. Die gewone toeris het nie toegang tot hierdie deel van die park nie. Van die paaie veral in die noorde is redelik sanderig en daarom die vereiste dat slegs 4x4 voertuie die park mag besoek.Tembe is natuurlik veral bekend vir sy olifante maar dit wemel ook van die Njalas in hierdie park. (Oppervlak van park : 30012 ha)











**Dag 7 tot 9: Donderdag, 08 Augustus 2013 tot Saterdag 10 Augustus 2013**

**Thembe Natuur Reservaat** – Kuier saam met die LCCSA (KZN tak) by Pomweni Ere Veldwagters Kamp. (Afstand gery in park : 176km).






Beplanning vir die dag se ry met insette van Richard Heathcote ons gasheer vir die naweek.

Foto deur Shuan Cullen.



‘n Wit renoster en een van die dae dalk uitgewis deur wilddiewe.





**Dit is sleg om te jik waar jy nie kan krap nie.**



**Kyk ek werk deeltyds in die sirkus ook.**



Die LCCSA span gesellig om die kampvuur. Die klam weer en koue ten spyt. Groot en klein. Die vorige aand het Lee Ann en Peter Gow vir ons 'n heerlike Njala potjie gemaak.

(Fotos op hierdie bladsy deur Shaun Cullen)








LAND CRUISER CLUB SOUTHERN AFRICA



**Leeu en Leeu se maat, nie een van die twee het vriendelik gelyk nie. Beide is groot en het al meer as een geveg oorleef.**














**Die agterste olifant het besluit om die voorste een van die watergat te verwilder . Toe die voorste een besluit om eerder weg te stap gryp die agterste een hom aan die stert, wat toe gelei het tot 'n groot en ernstige geveg tussen die twee bulle. Met gereelde maat kon ons sien en ook hoor hoe die twee se tande teen mekaar klap wanneer hul weer en weer aanval.**















**Dag 10, Sondagdag, 11 Augustus 2013**

**Tembe Natuur Reservaat terug na Pretoria** via Pongola, Jozini , Piet Retief, Ermelo, Hendrina en 'n altyd besige N4.
(Afstand :  605km).

Die terug reis was sonder voorval en die paaie nie te erg besig nie. Selfs die N4 was rustiger as gewoonlik vir 'n Sondagmiddag in 'n langnaweek. Die wegbreek was baie lekker en ons het heerlik saam met die LCCSA se groep gekuier in Engels natuurlik. Hermien se LC was soos gewoonlik op sy stukke en baie gerieflik met sy sagte afdak ("awning") en sykant veral in die reën. Ons kon dus kos maak en buite sit ten spyte van die reën.